**Onderneming deur voorgraadse studente**

**Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe**

**Universiteit Stellenbosch**

By die aanvang van my opleidingstydperk aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch verbind ek my tot ’n ontwikkelingsproses as professionele gesondheidsorgwerker wat eerbied vir die lewe het; vir myself omgee; en ander met waardigheid, integriteit en deernis behandel.

Ek ag myself na waarde vir wie ek is en kan wees, net soos wat ek ander na waarde ag vir wie hulle is en kan wees.

Ek onderneem om enige idees en praktyke wat kan verdeel te bevraagteken en teen te staan, en ek sal voortdurend daarna streef om inklusiwiteit, regverdigheid en geregtigheid te bevorder.

In die vinnig veranderende wêreld van die gesondheidswetenskappe sal ek ’n weetgierige en kreatiewe leerder bly; en die uiteenlopende wêreldbeskouings, idees, kontekste en oplossings wat werklik vir pasiënte en gemeenskappe saak maak, eerbiedig.

Ek onderneem om as gelyke vennoot met leerders uit ander gesondheidsprofessies saam te werk deur voortreflikheid in gesondheidsorg na te streef.

Ek verbind my daartoe om ’n agent vir verandering te word; en met ander saam te werk ten einde ons leeromgewing en die gesondheidsorgbelewenisse en -uitkomstes van diegene wat ons dien, positief te beïnvloed.

Laastens aanvaar ek my verantwoordelikheid om aan ’n volhoubare toekoms vir ons almal te help bou – deur hulpbronne omsigtig, kreatief en toegewyd aan te wend.

Ek gaan hierdie verbintenis vryelik en openhartig aan.